**Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam (OP247)**

**Joh 17:11-19**

**1 Februarie 2026**

Ons is steeds besig om die hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus te bestudeer. Laasweek het ons begin om na die tweede hoofdeel van die gebed te kyk – dit is die deel van die gebed waar die Here Jesus spesifiek vir die dissipels wat daardie aand in die bovertrek was, gebid het. Laasweek het ons besin oor vier redes waarom die Here Jesus vir hulle gebid het. Hy het vir hulle gebid, want hulle het aan die Vader behoort, en die Vader het hulle gevolglik aan Hom gegee. Hy het ook vir hulle gebid, want Hy het soveel in hulle belê – gedurende die afgelope drie jaar het Hy hulle geleer, Hy het hulle Sy tekens laat sien en dit aan hulle verduidelik, en oor die volgende paar dae sou Hy Sy pad van verheerliking stap deur Sy kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart. Hy sou wou sien dat dit alles die gewensde resultaat sal hê in hulle – en daarom het Hy vir hulle gebid. Hy het egter ook vir hulle gebid, omdat hulle nog nie in hulle kennis, vertroue, geloof, gehoorsaamheid en verheerliking was waar Hy hulle graag sou wou sien nie – Hy sou wou sien dat hulle groei tot volmaaktheid. Laastens, Hy het ook vir hulle gebid, omdat Hy op die punt gestaan het om na die Vader te gaan, en hulle sou agterbly in 'n wêreld wat hulle haat. Ons het ook daaroor besin dat ons oortuig mag wees dat dieselfde redes ook geldig is waarom die Here Jesus ook vir alle gelowiges bid.

Vandag wil ek nou aanbeweeg en spesifiek aandag gee aan die inhoud van die Here Jesus se gebed vir die dissipels. Ons lees van die inhoud van Sy gebed vir hulle in Joh 17:11-19. Daar is twee bedes wat die Here Jesus vir hulle gebid het: (1) Bewaar hulle in U Naam (Joh 17:11-16), en (2) Heilig hulle deur U waarheid (Joh 17:17-19).

<u>Bewaar hulle in U Naam (Joh 17:11-16)</u>

Lees Joh 17:11b. Die Here Jesus begin die inhoud van Sy gebed vir die dissipels met 'n unieke aanspreekvorm vir Sy Vader: "Heilige Vader". Dit is die enigste keer in die Johannes-evangelie dat hierdie aanspreekvorm gebruik word. Dit verskil ook van die ander aanspreekvorms wat die Here Jesus selfs in hierdie gebed gebruik: In verse 1 en 5 het Hy net die term "Vader" gebruik, en later in vers 25 het Hy die term "Regverdige Vader" gebruik. Maar nou gebruik Hy juis "Heilige Vader" as aanspreekvorm. Hierdie aanspreekvorm is 'n besondere kosbare kombinasie van twee van God se attribute – Sy heiligheid en Sy Vaderskap. Die term Vader wys tipies na Sy versorging, ontferming, genade. Immers, dit is tog die rol van 'n vaderfiguur om te sorg vir diegene wat van hom afhanklik is. Die term Vader wys dus na God se nabyheid, oftewel immanensie. Daarteenoor fokus die term heilig op God se verhewendheid, die feit dat Hy uniek anders is as enige ander wese, dit fokus selfs op Sy transendente natuur. Dit is tog die feit dat God absoluut heilig is teenoor ons as mense wat sondig is, wat aanleiding gee dat daar afstand tussen ons en God is. Deurdat hierdie twee terme gekombineer word, het ons 'n kombinasie van Sy transendensie en Sy immanensie, oftewel Sy verhewendheid en Sy nabyheid. Ons sal nou sien dat die Here Jesus twee bedes tot Sy Vader rig in hierdie gedeelte, naamlik "bewaar hulle" (vers 11b) en "heilig hulle" (vers 17). Bewaring is tipies wat ons van die Vader sou vra, en om hulle te heilig is tipies wat ons van die Heilige Vader sou vra.

In vers 11 bid die Here Jesus: "Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam". Dit is hoe die 2020 DAV dit vertaal, en so ook die 1953 OAV asook die 1983 NAV. Maar die NIV vertaal dit ietwat anders: "Holy Father, protect them by the power of Your Name." Twee vertalings: "Bewaar hulle in U Naam" of "Bewaar hulle deur die krag van U Naam". As ons besin oor die betekenis van hierdie bede van die Here Jesus, dan is daar twee interpretasies wat na vore kom:

- Die eerste interpetasie is dat ons hier 'n bede het waarin die Here Jesus die Vader vra dat Hy die dissipels moet bewaar, nie in Sy Naam nie, maar wel deur Sy Naam (soos wat die NIV dit vertaal). Ons weet die Naam van die Vader verteenwoordig Sy hele Wese – al Sy attribute soos wat dit duidelik word in al Sy optredes. Een van God se attribute is Sy almag. Volgens hierdie interpretasie is die bede van die Here Jesus dus dat die Vader Sy krag sal gebruik om die dissipels te bewaar. Dit is in lyn met Ou Testamentiese uitsprake soos Ps 20:2 "Mag die Naam van die God van Jakob u beskerm" – d.w.s. dit is die Naam van God wat beskerm, of Ps 54:3 "O God, verlos my deur U Naam en verdedig my saak deur U groot krag" – d.w.s. dit is die groot krag van God wat geassosieer word met Sy Naam wat verlossing moet bring, of Spr 18:10 "'n Sterk toring is die Naam van die Here; die regverdige hardloop dit binne, en is onbereikbaar" – d.w.s die Naam van die Here is die sterk toring waarheen ons kan vlug om bewaar te word. Volgens hierdie interpretasie bid die Here Jesus dus dat die Naam van God, wat geassosieer word met die krag van God, die dissipels moet bewaar. Dit is ook hoe Mark Johnston dit interpreteer as hy skryf dat dit net die versorgende krag van die Vader is wat die dissipels sou kon onderhou en bewaar gedurende die moeilike tye wat vir hulle voorgelê het. En ek dink dit is heeltemal in orde om hierdie interpretasie te ondersteun.
- Don Carson stel egter 'n tweede interpretasie voor, en ek is oortuig hierdie interpretasie is ook heeltemal geldig. Hy redeneer die betekenis van "in U Naam" is nie soseer 'n beskrywing van hoe die Vader die dissipels moet bewaar nie – immers is dit reeds duidelik dat die Here Jesus bedoel die Vader moet hulle bewaar, dit is tog wat dit beteken as Hy tot die Vader bid en vra dat die Vader hulle moet bewaar. Die betekenis van "in U Naam" is eerder 'n beskrywing van waar die Vader die dissipels moet bewaar – hulle moet in die Vader se Naam bewaar word. Weereens, die Naam van die Vader verteenwoordig Sy hele Wese – al Sy attribute, alles wat die Vader doen, alles wat Hy in Sy plan opgeteken het. As die Here Jesus bid dat die Vader die dissipels in Sy Naam moet bewaar, dan beteken dit dat die Here Jesus vra dat die dissipels in God se Naam sal bly, dat hulle toenemend die attribute van die Vader sal reflekteer, dat hulle binne die wil en die plan van die Vader sal optree. Die gebed is dat die Vader hulle sal bewaar om daar te bly – by God. Wat my oortuig dat Don Carson hier 'n punt beet het, is juis die einde van vers 11: Bewaar hulle in U Naam, <u>sodat hulle, net soos Ons, een kan wees</u>. Die doel van die bewaring in die Naam van die Vader waarvoor die Here Jesus vra, is dat die dissipels een kan wees, soos wat die Here Jesus en die Vader een is. Ons het al herhaalde male gesien hoe die Here Jesus onderstreep het dat Hy en die Vader een is: In Joh 1:18 het ons gelees die Here Jesus het die Vader aan ons kom bekend maak. In Joh 14:9 het die Here Jesus geleer: "Wie My gesien het, het die Vader gesien". In Joh 14:20 het Hy geleer: "Ek is in My Vader, en julle in My en Ek in julle". Hoor jy dit? Die Here Jesus sê Hy is in die Vader, en by implikasie is die Vader ook in Hom – Hy en die Vader is dus een. Maar die eenheid gaan verder: Die dissipels is ook in Hom, en Hy in hulle. En die punt van die Here Jesus hier in vers 11 is dat dit die doel is: Ja, Hy en die Vader is een, maar Hy bid spesifiek dat die dissiples ook deel kan wees van hierdie eenheid tussen Hom en die Vader. Hy bid juis dat hulle in die Vader se Naam bewaar moet word, sodat hulle dan deel kan wees van hierdie eenheid. Soos wat die Here Jesus getrou is aan die opdragte van die Vader, so moet die dissipels ook bewaar word, sodat hulle ook gehoorsaam sal wees aan die Vader se opdragte. In Joh 15:4-8 het die Here Jesus die beeld van die druiwestok gebruik: Hy is die wingerdstok en die dissipels is die lote. Maar hulle moet in Hom bly, en Hy in hulle – alleen dan sal hulle baie vrug kan dra en die Vader verheerlik. Toe ons 'n paar weke gelede na hierdie gedeelte in Joh 15 gekyk het, het ons gevra wat dit beteken om in die Here Jesus te bly? Ons het daarop gelet dit beteken dat die dissipels in volgehoue afhanklikheid van die Here Jesus moet leef, dit beteken dat hulle volgehoue vertroue in Hom moet hê, dit beteken dat hulle

sal volhou om Hom geestelik in te neem – soos wat die vrugdraende lote die lewensmiddele van die druiwestok inneem. En dit is waarvoor die Here Jesus hier bid: Die dissipels moet bewaar word, weliswaar deur die Vader, sodat hulle as lote in die Here Jesus as wingerdstok kan bly, en siende dat die Here Jesus in die Vader is, beteken dit dan dat die dissipels ook in die Vader sal wees, en hulle sal Sy beeld, Sy wese, reflekteer – soveel so dat dit duidelik sal wees hulle is een met die Vader en die Here Jesus. Waarvoor die Here Jesus hier bid, is dat die dissipels bewaar sal word sodat dit mag realiseer – en wanneer dit realiseer word hulle juis in die Naam van die Vader, oftewel in Sy Wese, bewaar. Hulle word dan bewaar om soos Hy te wees.

In Joh 17:12-14 leer ons hoekom die Here Jesus juis hierdie bede gebid het. Drie redes word gegee:

- Lees Joh 17:12-13a: Tot nou toe was die Here Jesus by die dissipels, en die gevolg was dat Hy hulle kon bewaar. En boonop het die Here Jesus dit effektief gedoen – Hy het die dissipels so goed bewaar dat nie een van hulle verlore gegaan het nie. Maar nou gaan die Here Jesus weg – Hy gaan binnekort na die Vader toe. En daarom bid die Here Jesus dat die Vader nou hierdie bewaringsverantwoordelikheid van Hom sal oorneem.

  Die Here Jesus lig egter ook uit daar was wel een van die dissipels wat verlore gegaan het – en dit was natuurlik Judas Iskariot. 'n Mens sou kon vra of die Here Jesus gefaal het in Sy bewaringsverantwoordelikheid, siende dat Judas Iskariot verlore gegaan het? Wel, gedurende die Here Jesus se openbare optrede het Hy herhaalde male uitgewys dat een van die dissipels wel verlore sal gaan. In Joh 6:64 het Hy aangedui dat een van die dissipels nie geglo het nie, en Hy het dit van die begin af geweet. In Joh 6:70 het die Here Jesus gesê een van die dissipels is die duiwel. In Joh 13:10-11 het die Here Jesus aangedui een van die dissipels is nie skoon nie en sou Hom verraai, en in vers 18 dat hierdie dissipel teen Hom sy hakskeen gelig het. Boonop het die Here Jesus vroeër hierdie aand in die bovertrek Judas Iskariot spesifiek aangewys as die Een wat Hom sou verraai – en daarom het Judas hulle geledere verlaat. Maar die Here Jesus het ook herhaalde male daarop gewys dat dit alles vervulling was van wat alreeds in die Ou Testament aangekondig is: "Selfs my vriend wat ek vertrou het, hy wat my brood geëet het, het die hakskeen teen my gelig" (Ps 41:10). Dit was aangekondig lank voor die Here Jesus aarde toe gekom het – en daarom kan ons seker wees dat die feit dat Judas Iskariot verlore gegaan het, was nie die resultaat van die Here Jesus wat gefaal het in Sy bewaringsverantwoordelikheid nie. Al die ander dissipels het die Here Jesus effektief bewaar – maar nie Judas nie, want dit was in die Ou Testament alreeds aangekondig dat hy verlore sou gaan. Maar noudat die Here Jesus weggaan, vra Hy dat die Vader die ander oorblywende voortaan ook so sal bewaar, soos wat Hy hulle tot hiertoe bewaar het.

- Lees Joh 17:13b. Daar is 'n verdere rede waarom die Here Jesus bid dat die Vader die dissipels in Sy Naam moet bewaar – en dit is sodat die dissipels Sy blydskap volkome in hulle kan hê. Kan ek jou herinner aan wat die Here Jesus vroeër hierdie aand in die bovertrek aan die dissipels gesê het: "As julle My gebooie onderhou, sal julle in My liefde bly, netsoos Ek die opdragte van My Vader gehoorsaam het en in Sy liefde bly. Dit het Ek vir julle gesê, sodat My blydskap in julle kan wees, en julle blydskap volkome kan wees." (Joh 15:11-12) Die Here Jesus het getuig dat Hyself Sy Vader se opdragte gehoorsaam – sodoende bly Hy in die liefde van die Vader, en deel dus ook in die Vader se vreugde. Maar nou geld dieselfde beginsel vir die dissipels: As hulle op hulle beurt ook die opdragte van die Here Jesus uitvoer, dan sal hulle in Hom bly, en ook in Sy blydskap deel. Trouens, as hulle volkome

gehoorsaam is, sal hulle volkome blydskap hê. Die rede waarom die Here Jesus bid dat die Vader die dissipels in Sy Naam moet bewaar, is sodat hulle een kan wees met Hom en die Vader, dit beteken dat hulle onder andere ook volkome gehoorsaam sal wees aan die opdragte van die Here Jesus en van die Vader. En wanneer hulle hieraan gehoorsaam is, dan sal hulle ook deel in die volkome blydskap van die Here Jesus. Geliefdes, ware vreugde is alleen te vind as die dissipels volkome gehoorsaam sou wees aan hulle roeping. As die Vader hulle in Sy Naam bewaar, sal hulle eventueel volkome gehoorsaam wees aan hulle roeping, en dan sal hulle ook deel in die blydskap van die Vader en die Here Jesus – immers sal dit bydra daartoe dat die Vader se doel met die ganse skepping bereik word.

- Lees Joh 17:14. ‘n Verdere rede waarom die Here Jesus bid dat die Vader die dissipels in Sy Naam moet bewaar, is omdat hulle nie meer van die wêreld is nie. Ja, hulle was op ‘n stadium, maar omdat hulle aan die Vader behoort het, het die Vader hulle aan die Here Jesus gegee. En Hy het aan hulle Sy woorde, wat ook die woorde van die Vader is, gegee. En nou haat die wêreld hulle. En juis daarom bid die Here Jesus dat die Vader hulle in Sy Naam sal bewaar.

Lees Joh 17:15-16. Die Here Jesus lig egter ook in Sy gebed uit waarvoor Hy nie bid nie: Die Here Jesus bid nie dat die Vader die dissipels uit die wêreld moet wegvat nie. Ja, die Here Jesus gaan binnekort uit die wêreld uit – maar die dissipels moet in die wêreld bly. Ja, hulle moet nie van die wêreld wees nie, hulle moet nie soos die wêreld wees nie, nee, hulle moet in die Naam van die Vader wees, terwyl hulle ook steeds in die wêreld is. Die Here Jesus bid: Terwyl dit so is dat die dissipels in die wêreld moet agterbly, moet die Vader hulle van die Bose bewaar, terwyl hulle in die wêreld agterbly. Ja, dit is so, op die volgende dag sal die Here Jesus die duiwel oorwin aan die kruis. Die duiwel sal uit die hemel gedryf word, maar dan sal hy juis na die aarde toe kom – woedend. In 1 Joh 5:19 lees ons: “Ons weet dat ons uit God is, en dat die hele wêreld in die mag van die bose is.” Die dissipels moet in die wêreld bly, want hulle het ‘n verantwoordelikheid om onder die leiding van die Heilige Gees juis teenoor die wêreld te getuig (Joh 15:26-27) – en dit terwyl die wêreld in die mag van die bose is – en daarom bid die Here Jesus dat die Vader hulle van die bose sal bewaar, en dat Hy hulle in Sy Naam sal bewaar.

<u>Heilig hulle deur U waarheid (Joh 17:17-19)</u>

Lees Joh 17:17-19. Om hierdie bede van die Here Jesus vir Sy dissipels te verstaan, moet ons eers besin oor die betekenis van die term “heilig”: Dit beteken: om afgesonder te wees, om eenkant geplaas te wees, om anders te wees, om onderskeibaar te wees. In Op 4:8 lees ons van die vier lewende wesens om God se troon wat sonder om te rus, dag en nag, uitroep: “Heilig, heilig, heilig, is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.” Die punt is: die Here God is heilig, Hy is drie maal heilig. Hy is anders as enige ander lewende wese. Hy is onderskeibaar van enige ander lewende wese. Onthou wat ons vroeër opgemerk het in vers 11: Toe die Here Jesus begin het om Sy bedes vir die dissipels voor die Vader te bring, het Hy juis die Vader aangespreek as “Heilige Vader”.

Uit die Ou Testament is dit duidelik enigiets wat juis vir diens aan die Here God gebruik word, moet heilig wees, want God is heilig. Soos wat God anders is as enige ander wese, so was sulke voorwerpe wat in Sy diens gebruik is, ook anders as ander alledaagse voorwerpe: Al die instrumente wat in die tabernakel gebruik is, moes daarom gewy word, hulle moes afgesonder word, hulle moes geheilig word. Selfs die priesters wat in die tabernakel moes diens doen, moes ook geheilig word (Eks 28:41). Alles wat vir God eenkant gesit word, moet dus heilig wees. In Lev 11:44-45 is die volk dan ook opgeroep om heilig te wees, want die Here hulle God is heilig. In 1 Pet 1:15-16 bevestig Petrus ook

die beginsel: Gelowiges moet in hulle hele lewenswandel heilig wees, want die Here God is heilig. En as jy sou wonder hoe lyk 'n heilige lewenswandel, dan is dit eenvoudig 'n lewenswandel wat in lyn met God se opdragte en Sy wil is.

Onthou verder die gebed van die Here Jesus in vers 11: Bewaar hulle in U Naam, sodat hulle, net soos Ons, een kan wees. Die doel van die bewaring van die dissipels is dat hulle een kan wees met die Here Jesus en die Vader. Maar dit beteken dat hulle dan heilig moet wees – want die Here God is heilig, en as hulle met Hom een moet wees, moet hulle ook heilig wees. Dit beteken hulle sal 'n lewenswyse moet volg wat in lyn met die Here God se wil is, dan sal hulle aan Hom gehoorsaam moet wees. En daarom bid die Here Jesus in vers 17: Heilig hulle.

Maar kom ons dink nou oor die Here Jesus self: In Joh 10:36 lees ons dat Hy deur die Vader geheilig is, en na die wêreld gestuur is. As ons lees dat Hy deur die Vader geheilig is, beteken dit dat Hy deur die Vader afgesonder is juis vir die doel om na die wêreld te kom. Maar ons weet ook, die Here Jesus en die Vader is een, Hy sê en doen net wat die Vader wil, Hy is onvoorwaardelik gehoorsaam aan die Vader. As die Vader heilig is, en die Here Jesus is een met die Vader, en die Here Jesus onderwerp Hom aan die Vader se wil dat Hy na hierdie wêreld moes kom, dan beteken dit die Here Jesus het Homself ook nou geheilig – want Hy tree op soos wat die Vader van Hom verwag om op te tree – en dit is presies wat ons lees in vers 19: Die Here Jesus het Homself geheilig. Dit beteken nie dat die Here Jesus voor Sy koms na die wêreld onheilig was nie, maar deur Sy gewillige onderwerping aan die wil van Sy Vader, het Hy Homself geheilig. En let op vers 19 sê verder die Here Jesus het juis Homself geheilig ter wille van die dissipels sodat hulle ook geheilig kan wees.

Kom ons dink ook verder aan die dissipels: Laasweek het ons al gesien dat hulle aan die Vader behoort het. Wel, siende dat die Vader heilig is, moet dit beteken dat hulle ook heilig moet wees. Immers is hulle vir Hom afgesonder, hulle moet een wees met Hom. Maar, hulle was nie altyd heilig nie. Hulle was eers deel van die wêreld. Hulle was onheilig, hulle was vuil. Ja, hulle was alreeds voor die grondlegging van die wêreld uitgekies, maar hulle was steeds sondig, onheilig en vuil. Laasweek het ons gesien hulle het geglo, maar gebrekkig. Hulle was gehoorsaam, maar gebrekkig. Hulle het die Here Jesus verheerlik, maar nog gebrekkig. Ja, op grond van die Here Jesus se werk was hulle al geregverdig daardie aand in die bovertrek – maar hulle was nog nie heilig nie. En daarom bid die Here Jesus, tesame met Sy gebed dat die Vader hulle in Sy Naam moet bewaar, bid Hy ook dat die Vader hulle moet heilig.

Verse 17 en 19 leer ons ook hoe die dissipels geheilig moet word: Hulle moet deur die waarheid geheilig word, en let op, die waarheid is ook juis die woorde van die Vader. Geliefdes, ons weet teen hierdie tyd al die Here Jesus is die waarheid, trouens Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kan na die Vader toe kom behalwe deur Hom nie. Dit is alleen deur Sy versoeningswerk wat Hy in gehoorsaamheid aan Sy Vader se wil kom doen het, dat die dissipels na die Vader kan kom. Dit is juis deurdat die Here Jesus Homself geheilig het deur in gehoorsaamheid aan die Vader Sy versoeningswerk te kom doen, dat die dissipels ook geheilig kan word. Dit is die waarheid. Dit is hoe die dissipels by die Vader kan uitkom. Dit is hoe hulle geheilig kan word. Dit is ook juis die inhoud van die Woord. Dit is die inhoud van die woorde wat die Here Jesus aan die dissipels kom leer het. En Sy woord is ook die Vader se woorde – want die Here Jesus het Homself in gehoorsaamheid aan die Vader geheilig.

Vers 18 leer ons van nog 'n verdere doel van die heiligmaking van die dissipels: Nie net moet hulle heilig wees omdat die Here God heilig is nie, nee, die Here Jesus het ook 'n verdere doel met die dissipels: Die Here Jesus het Homself geheilig deur in gehoorsaamheid na die wêreld te kom, en om heiligheid vir die dissipels te bewerk. Maar nou is daar ook 'n implikasie vir die dissipels: Soos wat

die Here Jesus na die wêreld gestuur is, so word hulle ook nou na die wêreld gestuur. Hulle moet nou die waarheid dat die Here Jesus Homself geheilig het en versoening kom bewerk het – wat ook die woord is – die dissipels moet hierdie waarheid nou in die wêreld gaan verkondig. Later, in Joh 20:21, lees ons dat die Here Jesus na Sy opstanding vir die dissipels gesê het: "Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Weereens is dit duidelik hoekom die Here Jesus nie gebid het dat die Vader die dissipels uit die wêreld moet wegneem nie – hulle het nog 'n taak: Hulle moet in die wêreld gaan getuig. Ons het al verskeie kere in die verlede verwys na die belangrike rol wat hierdie dissipels na die Here Jesus se hemelvaart sou speel: Hulle sou groot dele van die Nuwe Testament skryf, natuurlik onder die leiding van die Heilige Gees. So sou hulle 'n groot rol speel om die waarheid van die evangelie behoorlik te verstaan. Hulle sou baie leiding gee oor die verantwoordelike interpretasie van die Ou Testament, soos wat dit vervul is in die Here Jesus. Hulle sou diep spore trap in die vestiging van die eerste Christelike gemeentes. In Joh 3:16 het ons gelees: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Ja, die Here Jesus het Homself geheilig en na die wêreld gekom. Maar na Hy Sy werk hier voltooi het, het Hy weggegaan na die Vader. En steeds het die Vader die wêreld lief gehad – so lief dat Hy toe Sy dissipels na die wêreld gestuur het om die waarheid oor die Here Jesus te gaan verkondig, sodat elkeen wat dit glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

<u>Toepassing</u>

Laasweek het ons besin waarom die Here Jesus vir die dissipels gebid het. En die rede was: omdat Hy alreeds so baie vir hulle gedoen het, en ook nog sou doen oor die loop van die volgende paar dae. Die Here Jesus het vir hulle gebid omdat Hy oortuig was hulle is vir Hom en die Vader kosbaar – immers het hulle aan die Vader behoort. Hy sou ook wou sien dat alles wat Hy vir hulle gedoen het, die gewensde vrug sou oplewer. Ja, daar was al vrug – hulle het geglo, hulle het kennis en vertroue gehad, hulle was gehoorsaam, hulle het die Here Jesus verheerlik – maar dit was gebrekkig. Ons het daaroor besin dat die Here Jesus vir hulle gebid het, enersyds oor wie hulle was – hulle het aan die Vader behoort en hulle het al vrug getoon, maar Hy het ook vir hulle gebid oor hulle nog nie was wat Hy graag sou wou sien as die eindpunt nie.

Let nou op hoe die twee bedes wat die Here Jesus vir hulle gebid het waarna ons vandag gekyk het, hierby aansluit:

Eerstens het die Here Jesus gebid dat die Vader hulle in Sy Naam sal bewaar – hulle was reeds kosbaar, hulle was reeds in Sy Naam. Maar dit is juis ook daar dat hulle bewaar moet word – in die Vader se Naam. Tweedens het die Here Jesus ook gebid dat hulle sal groei in heiligheid – sodat hulle die mense kan wees wat Hy sou wou sien hulle moet wees – mense wat toegerus is om in die wêreld ingestuur te kon word.

As ons dink hoe min die dissipels daardie aand in die bovertrek verstaan het, en as ons ook dink hoe 'n groot rol daardie selfde dissipels later sou speel in die res van die Nuwe Testamentiese geskiedenis, in die opskryf van die Nuwe Testament, en hoe hulle werk steeds vandag vrug oplewer, moet ons begryp: Die Vader het die Here Jesus se gebed verhoor. En dit is kosbaar. As die Here Jesus vir ons bid, bid Hy in lyn met die wil van die Vader – en die Vader verhoor Sy gebede. En dit moet ons geloof in die Vader en die Seun versterk. En dit moet ons ook aanspoor om te pleit dat die Vader ons ook in Sy Naam sal bewaar, en ook dat Hy ons sal heilig, sodat ons ook ons opdragte gehoorsaam sal uitvoer tot eer van die Here God.